

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
Kennisgewing 77/2019/2020

Aanname van –

- (1) **Wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan**
(2) **Meerjarige begroting t.o.v. 2020/2021, 2021/2022 en 2022/2023 finansiële jare**
(3) **Eiendomsbelasting- en ander tariewe t.o.v. die 2020/2021 finansiële jaar**
-

Kennis geskied hiermee dat die Raad van Munisipaliteit Swartland, tydens 'n raadsvergadering gehou 28 Mei 2020, resolusies aangeneem het:

- (1) ten opsigte van die wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir die Swartland munisipale gebied:

Die volle Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is beskikbaar as aflaaibare pdf-lêer op die Munisipaliteit se webtuiste (www.swartland.org.za).

Vir verdere inligting kontak Leon Fourie by LeonFourie@swartland.org.za.

- (2) ten opsigte van die Begroting en verwante beleide en die Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir 2020/2021, 2021/2022 en 2022/2023 finansiële jare.

- (3) ten opsigte van die eiendomsbelastingkoers, soos aangedui in die onderstaande tabel, tariefstrukture en tariewe vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riol en ander diverse tariewe waarvan besonderhede gevind kan word in die Tariewelêer op die munisipale webtuiste:

Kategorieë van eiendomme	Tarief
Residensiële eiendomme	0,5160
Vakante eiendom	0,6950
Industriële eiendomme	0,7413
Sake en industriële eiendomme	0,7413
Landbou eiendomme (wat gebruik word vir landbou doeleindes)	0,1290
Landbou eiendomme wat gebruik word vir ekotoerisme	0,7413
Landbou eiendomme wat gebruik word vir handel in of jag van wild	0,7413
Mynbou eiendomme	0,7413
Eiendomme wat deur 'n staatsorgaan besit word vir openbare dienste doeleindes	0,7413
Openbare dienste infrastruktuur	0,0000
Eiendomme wat deur 'n openbare weltaadsorganisasies besit word en vir die ooreenstemmende gelyste openbare weltaadsaktiwiteite gebruik word	0,0000
Eiendomme wat vir meerdoelige doeleindes gebruik word	óf 0,7413 óf 0,5160 óf 0,1290, afhangende van gebruik
Eiendomme in landelike gebied wat gesoneer is vir besigheidsdoeleindes of eiendomme ten opsigte waarvan vergunningsgebruik ingevolge die munisipaliteit se soneringskemaregulasies goedgekeur is	0,7413

Munisipale eiendomme	0,0000
Informele nedersettings, insluitend die wat voorkom op grond wat nie in residensiële erwe onderverdeel is nie	0,0000
Eiendomme verkry deur die Wet op Voorsiening van Grond en Bystand, 1993 (Wet 126 van 1993) of die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet 22 van 1994); of die Wet op Gemeenskaplike Eiendomsassossiasie, 1996 (Wet 28 van 1996)	óf 0,7413 óf 0,5160, afhangende van gebruik
Bewaringsareas	0,0000
Beskermde gebiede (uitgesluit residensiële en enige ander eiendom wat daarop geleë is)	0,0000
Nasionale monumente	0,0000
Staatseiendom	0,7413
'n Korting van 'n bedrag gelykstaande aan die belasting betaalbaar op die eerste bedrag van die waardasie van sodanige eiendom tot 'n limiet van R300 000	Kwalifiserende senior burgers en persone met 'n gestremdheid
'n Bykomende korting bo en behalwe die vrygestelde belasting, gelykstaande aan 'n bedrag van R35 000 vir die waardasie van sodanige eiendom, toegeken sal word aan die kategorie eiendom in paragraaf 4(a) van die Beleid (residensiële eiendom), sonder om daarvoor aansoek te doen, onderworpe daaraan dat die korting slegs aan een eiendom in die naam van 'n eienaars(s) toegestaan word	Residensiële eiendom

Die nuut goedgekeurde tariefbepalings tree in werking op 1 Julie 2019, terwyl die afslag aan senior burgers en eienaars van residensiële eiendom wat 'n ongeskiktheidstoelaag ontvang ingevolge die vereistes van die 2019/20 Eiendomsbelastingbeleid en kennisgewing ten dien effekte wat later gepubliseer sal word eers gedurende die 2020/21 finansiële jaar geïmplementeer sal word. Navrae i.r.o. die tariefbepalings en afslag kan gerig word aan me Elsabé van der Merwe by tel 022-487 9400.

'n Afskrif van bovermelde resolusies (ingesluit volledige besonderhede van die Raadsbesluit ten opsigte van kortings, verminderings en uitsluitings, spesifiek tot elke kategorie van eienaars van eiendom, en tot eienaars van 'n spesifieke kategorie van eiendom, soos bepaal deur die kriteria van die Munisipaliteit se Eiendomsbelastingbeleid) is in terme van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 en die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 (in Engels uitgegee as die "Local Government: Municipal Property Rates Act") beskikbaar ter insae van die publiek op die munisipale webtuiste by www.swartland.org.za en gedurende kantoorure by die munisipale kantore in Malmesbury, Moorreesburg, Darling, Yzerfontein, Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel.

Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan me Nicolette Brand gedurende gewone kantoorure by die munisipale hoofkantoor in Malmesbury nader vir bystand rakende die inhoud van bovermelde dokumente.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTOOR
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY

9 Junie 2020